

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID AFRIKA

# NUUSFLITS

30 MEI 2025

## AGS Kollega,

### 1. PINKSTERWEEK: LEEF DIE PINKSTERLEWE

Hierdie naweek is die begin van Pinksterweek en die opbou na Pinkster Sondag — nie net as 'n historiese gebeurtenis nie, maar as die geboorte van die Christelike Kerk en die aanvang van ons sending as gelowiges. In Handelinge 2 lees ons van Pinkster, waar die Heilige Gees uitgestort is en die eerste dissipels bemagtig is om Jesus se werk voort te sit. Dit was die vervulling van Sy belofte in Handelinge 1:8, dat hulle krag sou ontvang om Sy getuies te wees tot aan die uithoeke van die aarde. Daardie selfde belofte en krag is vandag nog vir ons beskikbaar.

Pinkster is ook 'n kragtige herinnering aan eenheid. Op daardie dag is mense van verskeie nasies en kulture deur die Heilige Gees bymekaar gebring. Vandag breek die Gees steeds grense van ras, agtergrond en kultuur af, en verenig ons in Christus. Soos Paulus ons in Efesiërs 4:3 aanmoedig, moet ons poog om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede - en mekaar liefhê en dien ondanks ons verskille.

Meer as net 'n kerkdiens of 'n feesviering, is Pinkster 'n oproep om elke dag Gees-vervulde lewens te leef. Ons is geroep om Christus se karakter te weerspieël — Sy liefde, nederigheid en goedhartigheid — in ons huise, gemeenskappe en werksplekke. Dit gaan nie net oor wat ons glo nie, maar oor hoe ons leef. Mag ons deur ons optrede, getroue getuies wees wat die wêreld wys wie Jesus is en lewens leef wat God verheerlik deur die krag van die Heilige Gees.

## HULPBRONNE

**Hemelvaart 2025:**
https://youtu.be/yNv_G6KauVI?si=okLDrpfOApHv6InE

**Die *AFM Ablaze National Conference*: Durban ICC**
https://youtu.be/mCzc1y-1G_w?si=gOodX4P-fvz3nv_I

**Die AGS van SA se 117de Verjaarsdagviering:**
https://youtube.com/playlist

Skakel in by ons:







## 2.AGS VAN SA *ABLAZE* NASIONALE KONFERENSIE: DURBAN ICC

### Konferensie Fasiliteit

Op Dinsdag, 29 Mei 2025, is daar 'n aankondiging gemaak oor ‘n verandering rondom die logistiek van die opkomende AGS ABLAZE Nasionale Konferensie wat nie meer gaan plaasvind by die Moses Mabhida Stadion nie, maar wel by die Durbanse Internasionale Konferensie sentrum (ICC). Ons moedig alle pastore en leiers aan om hierdie inligting so wyd as moontlik te deel met plaaslike gemeentes, streke, netwerke en Departemente. Hierdie boodskap is beskikbaar op die AGS van SA se YouTube-kanaal: https://youtu.be/mCzc1y-1G_w?si=xii5tuR-7xs_FhxZ



**Registrasie Inligting**

Aanlyn registrasies vir die 2025 AGS van SA ABLAZE Nasionale Konferensie by die Durbanse ICC sal Maandag, 9 Junie 2025 oopmaak. 'n Skakel en QR-kode vir registrasie sal voorsien word. Die volgende registrasiefooie en tydlyne sal van toepassing wees:

**Vroeë Registrasiefooi* | R200 | 9 Junie – 9 Julie | Beperkte Sitplekke!**


Die vroeë registrasiefooi is slegs geldig vir 30 dae. Ons beveel sterk aan dat afgevaardigdes vroegtydig registreer aangesien sitplekke beperk is. Na die "Vroeë Registrasie"-tydperk kan sitplekke nie gewaarborg word nie. Laat registrasies sal toegelaat word vanaf 10 Junie tot 10 September. Geen registrasies sal na 10 September aanvaar word nie.





## 3. AGS KONFERENSIE SEISOEN: JEUG & SUSTERS

Die konferensie seisoen is hier! Ons betree 'n opwindende tyd op ons kerk se kalender met twee **Nasionale Departementele Konferensies** wat nog voorlê vir die jeug en susters. Hierdie is nie net byeenkomste nie; dit is Geesvervulde, transformerende ervarings wat ons geloof versterk, ons prakties toerus en 'n dieper passie vir God se werk aanwakker. Elke konferensie bied 'n unieke geleentheid vir gesamentlike aanbidding, geestelike herlewing en impakvolle opleiding. Ons moedig al ons Pastore en lidmate aan om deel te wees van hierdie kragtige byeenkomste. Almal is welkom!

👉 Klik hier vir meer inligting op die AGS webblad: https://afm-ags.org/events/.




Vriendelike Groete!
Henri Weideman

**THE APOSTOLIC FAITH MISSION OF SOUTH AFRICA**

**National Office**
Building no. 14, Central Office Park, 257 Jean Ave, Centurion, Gauteng, South Africa
P.O. Box 9450, Centurion, 0046
Tel: +27 12 644 0490 | Fax: +27 12 644 0732/4
www.afm-ags.org

Connect with Us: YouTube